# REUNERT

**Reunert Limited**
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1913/004355/06)
Aandelekode: RLO ISIN: ZAE000057428
("Reunert")

# DIE INBRING VAN 'N VENNOOT VIR SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING ("SEB") IN REUNERT ("DIE SEB-TRANSAKSIE") EN 'N VOORGESTELDE AANDELE-EIENAARSKAPSKEMA VIR SUIDER-AFRIKAANSE WERKNEMERS VAN DIE REUNERT-GROEP ("DIE WERKNEMERTRANSAKSIE") ("DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIES")

## 1. INLEIDING EN AGTERGROND

Investec Corporate Finance is gemagtig om namens Reunert se direksie ("die direksie") aan te kondig dat Reunert 'n ooreenkoms afgehandel het om die verkryging deur SEB-vennote van 'n effektiewe indirekte aandeelhouding van 9.5% in Reunert, wat op sowat R1 112.4 miljoen waardeer word, te vergemaklik. Dit is gegrond op 'n waarde per Reunert-aandeel van R66.81, synde die volumegeweegde gemiddelde prys van 'n Reunert gewone aandeel vir die tydperk 1 Augustus 2006 tot 16 Augustus 2006, synde die tydperk voor die afhandeling van die bepalings van die SEB-transaksie en voor Reunert se verklaring van 'n spesiale dividend op 31 Augustus 2006 ("die verkoopswaarde"), minus 10%.

Reunert is voornemens om die SEB-vennote in te bring deur Reunert se verkoop van die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van sy volfiliaal, Bargenel Investments Limited ("Bargenel"), aan Retona Investment Holdings (Proprietary) Limited, wat Rebatona Investment Holdings (Proprietary) Limited ("Rebatona") hernoem sal word, 'n spesialedoelmedium wat geïnkorporeer is ter wille van die SEB-transaksie en wie se totale uitgereikte gewone aandele deur die SEB-vennote besit sal word.

Die SEB-vennote is:

- die Rebatona Educational Trust, 'n breëbasis SEB-trust wat Reunert geskep het met die doel om jong swart mense te baat; en
- Cheryl Ann Carolus, Dolly Doreen Mokgatle, Noluthando Dorian Orleyn en Wendy Elizabeth Lucas-Bull ("die Peotona-stigterslede"),

(gesamentlik, "die SEB-vennote").

Die uitgereikte gewone aandelekapitaal van Rebatona sal soos volg deur die SEB-vennote besit word:

| | | |
|---|---|---|
| Die Rebatona Educational Trust | – | 70.0% |
| Cheryl Ann Carolus | – | 8.7% |
| Dolly Doreen Mokgatle | – | 8.4% |
| Noluthando Dorian Orleyn | – | 8.4% |
| Wendy Elizabeth Lucas-Bull | – | 4.5% |

Die implementering van die SEB-transaksie is onderhewig aan die nakoming van die opskortende voorwaardes wat in paragraaf 7 hieronder uiteengesit word.

Benewens die SEB-transaksie, ten einde aandeeleienaarskap deur werknemers van die Reunert-groep aan te moedig, is Reunert voornemens om hoogstens 600 000 nuwe Reunert gewone aandele uit te reik aan die Reunert Staff Share Trust, wat daardie aandele sal hou vir die werknemers van die Reunert-groep in Suider-Afrika wat nie tans aan 'n ander aandele-aansporingskema vir werknemers deelneem nie ("kwalifiserende Reunert-werknemers"). Elkeen van die kwalifiserende Reunert-werknemers sal kwalifiseer vir eienaarskap van 100 van daardie nuwe Reunert gewone aandele.

Indien die werknemertransaksie geïmplementeer word, sal dit tot gevolg hê dat kwalifiserende Reunert-werknemers 'n effektiewe aandeelhouding van 0.3% in Reunert besit (in die veronderstelling dat 600 000 nuwe Reunert gewone aandele aan die Reunert Staff Share Trust toegeken word), wat op sowat R46.4 miljoen gewaardeer word, gegrond op 'n Reunert-aandeleprys van R77.50 per gewone aandeel op 15 November 2006.

## 2. BEWEEGREDE

Reunert beskou die SEB-transaksie op die Reunert-vlak as 'n kritieke element van sy algehele SEB-strategie. Reunert is ten volle verbind tot SEB in Suid-Afrika en beskou SEB as 'n waardeskeppingstrategie wat ontwerp is om realistiese, betekenisvolle en langdurige vennootskappe te skep. Reunert erken dat breëbasis SEB in Suid-Afrika se nasionale langtermynbelang is.

Reunert is ook ten volle verbind tot die bemagtiging van sy werknemers sowel as die gemeenskappe en gesinne waarvan sy werknemers deel is. Die werknemertransaksie is daarop gerig om aandeeleienaarskap deur Suid-Afrikaanse werknemers van die Reunert-groep aan te moedig en dié werknemers in staat te stel om in die sukses van die Reunert-groep te deel.

# DIE SEB-TRANSAKSIE

## 3. BEGINSELS VAN DIE SEB-TRANSAKSIE

In die strukturering van die SEB-transaksie het Reunert die volgende stel sleuteldoelwitte ontwikkel wat daarop gerig is om volhoubare, breëbasis SEB te verseker:

- die SEB-transaksie sal 'n breë basis voorheen benadeelde persone baat;
- volle ekonomiese voordele en stemregte word van die aanvang van die SEB-transaksie oorgedra;
- die Peotona-stigterslede sal vir minstens 11 jaar na die effektiewe datum van die SEB-transaksie as indirekte Reunert-aandeelhouers (deur hul indirekte aandeelhouding in Bargenel) vas aangestel word;
- die Rebatona Educational Trust mag nie enige van sy aandele in Rebatona beswaar of verkoop sonder Reunert se vooraf skriftelike toestemming nie; en
- die SEB-transaksie is deursigtig met 'n aanvaarbare vooraf ekonomiese koste vir bestaande aandeelhouers en beperkte verwatering vir aandeelhouers – die algehele koste van die transaksie is gelyk aan sowat 3.1% van Reunert se markkapitalisasie op 15 November 2006, gegrond op die verkoopswaarde per Reunert gewone aandeel minus 10%.

## 4. DEELNAME AAN DIE SEB-TRANSAKSIE

Die direksie het groot sorg geneem met die keuse van sy SEB-vennote. 'n Aantal sleutelfaktore is deur die direksie oorweeg, insluitende die aansien van die Peotona-stigterslede, die vermoë van die Peotona-stigterslede om waarde vir alle Reunert-aandeelhouers by te voeg en die direksie se behoefte om te verseker dat die voordele van bemagtiging tot voordeel van 'n breë basis voorheen benadeelde individue strek.

### 4.1 Die Peotona-stigterslede
### Cheryl Ann Carolus

- Reunert sal inskryf op die voorkeuraandele in Bargenel;
- die termyn van die voorkeuraandele sal 11 jaar wees, of sodanige langer termyn wat Reunert met skriftelike kennisgewing aan Bargenel kan toelaat, met dien verstande dat die langste termyn wat Reunert mag toelaat, 15 jaar is. Die voorkeuraandele kan egter vroeër afgelos word indien sekere wanbetalingsgebeurtenisse plaasvind soos in die bepalings van die voorkeuraandele uiteengesit word;
- voorkeurdividende sal verklaar word op elke datum waarop die reg op enige dividend of ander uitkering of betaling van enige soort wat Reunert doen, Bargenel toekom op grond van sy aandeelhouding van Reunert gewone aandele en sal betaal word wanneer sodanige dividend, verklaring of betaling aan Bargenel verskuldig en betaalbaar word;
- die voorkeurdividende word vanaf 1 Februarie 2007 op die aanvanklike uitgifteprys van die voorkeuraandele verklaar teen die koers wat gelyk is aan die prima koers vermenigvuldig met (1 minus die korporatiewe belastingkoers, uitgedruk as 'n desimaal), nominaal jaarliks maandeliks saamgestel; en
- daar sal geen ekwiteitsdeelname deur Reunert in Rebatona wees nie.

Alle dividende, uitkerings en betalings wat Bargenel ontvang het ten opsigte van die Reunert gewone aandele wat hy besit, sal gebruik word om die voorkeurdividende te betaal en die voorkeuraandele af te los.

Die bepalings van die voorkeuraandele bevat verskeie voorwaardes van wanbetaling en klousules wat normaal is vir befondsing van dié aard.

## 7. OPSKORTENDE VOORWAARDES VIR DIE SEB-TRANSAKSIE

Die SEB-transaksie is onderhewig aan die nakoming of aanvaarde nakoming teen 30 Junie 2007 of sodanige later datum waarop die partye in die verhoudingsooreenkoms skriftelik instem tot onder meer die volgende opskortende voorwaardes:

- die herorganisasie van Bargenel se aandelekapitaal;
- die aanvaarding van 'n nuwe akte en statute van oprigting deur elk van Bargenel en Rebatona;
- die toekenning en uitgifte deur Bargenel aan Reunert van die voorkeuraandele en die spesiale voorkeuraandeel;
- die implementering van die spesifieke aandeleterugkoop;
- die toekenning en uitgifte deur Rebatona aan Reunert van die spesiale voorkeuraandeel; en
- dat alle en enige goedkeurings wat kragtens die Mededingingswet vir die implementering van die SEB-transaksie vereis word, ooreenkomstig die bepalings van die Wet behoorlik verskaf is of geag behoorlik verskaf te wees.

Sekere van die opskortende voorwaardes kan deur Reunert ter syde gestel word en indien dit sodanig ter syde gestel word, word aanvaar dat dit ten volle nagekom is.

## 8. NOMINASIE VIR DIE DIREKSIE

Na die implementering van die SEB-transaksie word voorgestel dat Noluthando Dorian Orleyn vir aanstelling op die direksie benoem word.

# DIE WERKNEMERTRANSAKSIE

## 9. BEPALINGS VAN DIE WERKNEMERTRANSAKSIE

Reunert sal 100 nuwe Reunert gewone aandele per kwalifiserende Reunert-werknemer aan die Reunert Staff Share Trust uitreik. Daar is sowat 6 000 kwalifiserende Reunert-werknemers, waarvan sowat 67% swart persone is. Die gewone aandele wat aan die Reunert Staff Share Trust uitgereik word, sal in die naam van die Reunert Staff Share Trust geregistreer word en deur hom vir die kwalifiserende Reunert-werknemers gehou word.

Die nuwe Reunert gewone aandele sal ingevolge 'n spesifieke aandele-uitgifte teen die pariwaarde daarvan uitgereik word. Die inskrywingsprys van die gewone aandele sal deur die betrokke werkgewermaatskappy van die kwalifiserende Reunert-werknemers gedra word.

Die nuwe Reunert gewone aandele waarop die Reunert Staff Share Trust inskryf, sal namens die kwalifiserende Reunert-werknemers deur die Reunert Staff Share Trust gehou word tot na die verstryking van 'n vashoutydperk van vyf jaar, welke tydperk in sekere omstandighede sonder wanbetaling verminder kan word, soos in die geval van die dood of die ongeskiktheid van 'n kwalifiserende Reunert-werknemer. Die kwalifiserende Reunert-werknemers sal vanaf die aanvangsdatum volle ekonomiese en stemregte op die nuwe Reunert gewone aandele ontvang

Die kwalifiserende Reunert-werknemers sal gesamentlik 0.3% van die uitgereikte Reunert gewone aandele na die implementering van die werknemertransaksie besit (in die veronderstelling dat 600 000 nuwe Reunert gewone aandele aan die Reunert Staff Share Trust toegeken en uitgereik word.

Die werknemertransaksie sal nie geïmplementeer word nie, tensy die voorwaardes waaraan die SEB-transaksie onderhewig is, nagekom is of geag nagekom te wees.

## 10. *PRO FORMA* FINANSIËLE UITWERKING VAN DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIES

### 10.1 Ekonomiese koste vir die Reunert gewone aandeelhouers

Die ekonomiese koste van die voorgestelde transaksie vir Reunert gewone aandeelhouers beloop sowat R471 miljoen. Dit is gegrond op die verkoopswaarde per Reunert gewone aandeel van R66.81 inaggenome die vooraf korting van 10% op dié waarde ter wille van die berekening van die koste van die SEB-transaksie en op die Reunert-aandeleprys van R77.50 op 15 November 2006 ter wille van die berekening van die koste van die werknemertransaksie, wat gelyk is aan 3.1% van Reunert se markkapitalisasie op 15 November 2006.

### 10.2 *Pro forma* finansiële uitwerking van die voorgestelde transaksies

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking, waarvoor die direksie verantwoordelik is, word slegs ter illustrasie aangebied en bied dalk nie 'n billike beeld van die finansiële posisie en resultate van bedrywighede na die implementering van die voorgestelde transaksie nie.

individuele strek.

4.1 **Die Peotona-stigterslede**

**Cheryl Ann Carolus**

Me Carolus het omvattende kennis van regeringsbeleid nadat sy die pos beklee het as die African National Congress se algehele beleidskoördineerder vir Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994 en Adjunk- Sekretaris-Generaal van die African National Congress. Me Carolus was die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen en uitvoerende hoof van SA Toerisme. Hierbenewens het me Carolus 'n geskiedenis van noue samewerking met gemeenskappe vir programme soos Love Life Trust se MIV/Vigs-program. Haar direksieposte sluit in: voorsitter van Suid-Afrika se Nasionale Parkeraad, lid van die Internasionale Bemarkingsraad van Suid-Afrika, Mpumalanga Premier se Adviesraad en voorsitter van SoulCity Health Institute.

**Dolly Doreen Mokgatle**

Me Mokgatle is die voormalige uitvoerende hoof van Spoornet en voormalige besturende direkteur van Transmission, 'n afdeling van Eskom Holdings Limited. Sy het 'n sterk agtergrond in menseregte en korporatiewe reg. Sy is die huidige voorsitter van die Electricity Distribution Industry Holdings Company (EDI) en ondervoorsitter van die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder van Suid-Afrika (NERSA).

**Noluthando Dorian Orleyn**

Me Orleyn is 'n direkteur van Routledge Modise Moss Morris. Sy is die voormalige nasionale direkteur van die Kommissie vir Konsiliasie, Bemiddeling en Arbitrasie ("KKMA") en was die streeksdirekteur van die Legal Resource Centre en nasionale direkteur van die Onafhanklike Bemiddelingsdiens van Suid-Afrika. Sy is tans 'n bemiddelaar en arbiter vir die KKMA en Tokiso Dispute Settlement, 'n beoordelaar vir die Finansiëlesektorhandves en lid van die Mededingingstribunaal. Haar direksieposte sluit in: die Suid-Afrikaanse Reserwebank en voorsitter van die Johannesburgse Padagentskap.

**Wendy Elizabeth Lucas-Bull**

Me Lucas-Bull is die voormalige uitvoerende hoof van FirstRand Retail (wat First National Bank, WesBank, Outsurance en FirstLink ingesluit het). Voor dit was sy 'n uitvoerende direkteur van Rand Aksepbank en 'n internasionale vennoot van Andersen Consulting. Sy het omvattende ervaring in die ontwikkeling van openbare/private vennootskappe deur haar rol as die stigtersvoorsitter van Business Against Crime en nou as die stigterslid van Partners for Housing. Haar direksieposte sluit in: Eskom, waar sy die voorsitter is van die finansieskomitee en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika. Sy is aktief betrokke by South African Women in Dialogue en internasionale groepe vir volhoubare ontwikkeling en uitwissing van armoede.

4.2 **Die Rebatona Educational Trust**

Die Rebatona Educational Trust is 'n breëbasis SEB-trust wat deur Reunert geskep is om die bemagtiging en ontwikkeling van jong swart mense te vergemaklik.

Die doel van die Rebatona Educational Trust is om die volgende te verskaf:

- verdere opvoeding en opleiding vir jong swart mense, onder meer in die vakke Wiskunde, Wetenskap, Engels en Rekeningkunde ten einde hulle te help om na tersiêre opvoedingsinstellings in Suid-Afrika te gaan; en
- vaardigheidsontwikkeling vir jong swart mense met die oog daarop om hulle te bemagtig om in besigheid te slaag.

Reunert sal 'n SEB-komitee daarstel om te help met die keuse van die Rebatona Educational Trust se begunstigdes en om die omvang van hul onderskeie voordele te bepaal ("die SEB-komitee").

Die SEB-komitee sal die begunstigdes van die Rebatona Educational Trust op 'n jaarlikse grondslag bepaal.

## 5. WERKING VAN DIE SEB-TRANSAKSIE

Bargenel besit tans 19 063 631 Reunert gewone aandele (sowat 9.8% van Reunert se gewone uitgereikte aandelekapitaal). Voor die implementering van die SEB-transaksie sal Bargenel soos volg herstruktureer word:

- Reunert sal kragtens artikel 85 van die Maatskappywet, 1973 ("die Maatskappywet"), 563 631 Reunert gewone aandele van Bargenel terugkoop teen die sluitingsmarkprys van 'n Reunert gewone aandeel op die JSE Beperk op die handelsdag voor die implementering van die terugkoop ("die spesifieke aandeleterugkoop"). Die teruggekoopte Reunert gewone aandele sal gekanselleer word en weer verander word na die status van gemagtigde maar onuitgereikte aandelekapitaal;
- Bargenel sal 1 112 405 'A' aflosbare, kumulatiewe voorkeuraandele met 'n pariwaarde van R0.01 aan Reunert uitreik teen 'n premie van R999.99 per aandeel ("voorkeuraandele"), synde 'n bedrag wat gelyk is aan altesaam R1 112,4 miljoen op grond van die verkoopswaarde van R66.81 vermenigvuldig met 18 500 000, die getal Reunert gewone aandele wat Bargenel na die implementering van die spesifieke aandeleterugkoop, minus 10%, sal besit; en
- bestaande reserwes en tussenmaatskappylenings in Bargenel sal aan Reunert oorgedra word (by wyse van dividend), wat tot gevolg sal hê dat Bargenel slegs 18 500 000 Reunert gewone aandele met 'n ooreenstemmende voorkeuraandeelaanspreeklikheid, 'n nie-uitkeerbare reserwe, nominale aandelekapitaal en uitgesteldebelastinglas, sal besit.

Na die herstrukturering sal Reunert die totale gewone uitgereikte aandelekapitaal in Bargenel aan Rebatona verkoop teen 'n teenprestasie van R100.

Die verkoop van die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van Bargenel aan Rebatona sal aan die SEB-vennote indirekte beheer oor Bargenel verskaf en gevolglik ook indirekte beheer oor die 18 500 000 Reunert gewone aandele (sowat 9.5% van Reunert se gewone uitgereikte aandelekapitaal) wat Bargenel besit.

Bargenel sal dividendinkomste uit sy aandeelhouding van Reunert gewone aandele ontvang, wat aangewend sal word om die voorkeurdividende te betaal en die voorkeuraandele af te los.

Die Reunert gewone aandele wat Bargenel besit, het volle stemregte en volle regte op deelname aan dividende.

Die verhouding van Reunert en Rebatona as voorkeur- en gewone aandeelhouers van Bargenel en die beskerming van die bemagtigingstatus van Rebatona en Bargenel na die implementering van die SEB-transaksie sal in 'n verhoudingsooreenkoms gereguleer word.

Ten einde sy regte bykomend te beskerm sal Reunert inskryf op 'n spesiale voorkeuraandeel in Bargenel en Rebatona elk ("die spesiale voorkeuraandeel").

## 6. VERGEMAKLIKING VAN DIE SEB-TRANSAKSIE

Op grond van die verkoopswaarde van R66.81 per Reunert gewone aandeel word die indirekte aandeelhouding van 9,5% in Reunert wat die SEB-vennote sal verkry, op sowat R1 236 miljoen geraam. 'n Vooraf korting van 10% van die verkoopswaarde per Reunert gewone aandeel sal verskaf word, wat tot gevolg het dat die totale befondsbare deel van die SEB-transaksie R1 112.4 miljoen beloop.

Reunert sal die befondsing wat vir die implementering van die SEB-transaksie benodig word, soos volg verkry:

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking, waarvoor die direksie verantwoordelik is, word slegs ter illustrasie aangebied en bied dalk nie 'n billike beeld van die finansiële posisie en resultate van bedrywighede na die implementering van die voorgestelde transaksie nie.

Die onderstaande tabel is 'n uiteensetting van die ongeouditeerde *pro forma*-uitwerking, van die voorgestelde transaksie op grond van Reunert se gepubliseerde nagesiene resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006. Die *pro forma* finansiële inligting is die verantwoordelikheid van die direkteure.

| Per Reunert gewone aandeel | Voor die voorgestelde transaksies (sent) | Na die voorgestelde transaksies (sent) | Verandering (%) |
|---|---|---|---|
| Verdienste per aandeel ("VPA") | | | |
| Basiese VPA | 527.0 | 253.8 | (51.8) |
| Wesens-VPA ("WVPA") | 524.6 | 251.4 | (52.1) |
| Volverwaterde VPA | | | |
| Basiese VPA | 522.4 | 251.6 | (51.8) |
| WVPA | 520.0 | 249.3 | (52.1) |
| Netto batewaarde ("NBW") | 953 | 955 | 0.2 |
| Tasbare NBW | 761 | 763 | 0.3 |
| Getal uitgereikte aandele (in miljoene aandele) | 195.4 | 195.4 | |
| Minus: Tesourie-aandele (in miljoene aandele) | (19.1) | (18.5) | |
| Netto uitgereikte gewone aandele (in miljoene aandele) | 176.3 | 176.90 | 0.3 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir VPA (in miljoene aandele) | 175.1 | 175.7 | 0.3 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele vir volverwaterde VPA (in miljoene aandele) | 176.6 | 177.2 | 0.3 |

Die ekonomiese koste van die voorgestelde transaksies verteenwoordig 'n vooraf koste van ± R438 miljoen van die SEB-transaksie, bereken deur erkende finansiële risikoprysings- en waardasiemetodes te gebruik, gegrond op die verkoopswaarde en die finansieringstermyn van die SEB-transaksie en 'n koste van ± R33 miljoen van die aandele wat aan werknemers uitgereik is (gegrond op die waarde van Reunert gewone aandele wat op 15 November 2006 aan werknemers uitgereik is, minus die belastingbesparings ten opsigte daarvan).

**Aantekeninge:**

1. Die VPA, WVPA en die NBW per gewone aandeel "Voor die voorgestelde transaksies" is gegrond op die nagesiene resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006.
2. Die VPA en WVPA "Na die voorgestelde transaksie" is op die volgende veronderstellings gegrond:
   2.1 die voorgestelde transaksies is op 1 Oktober 2005 geïmplementeer; en
   2.2 die geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele van 175.7 miljoen (175.1 miljoen geweegde gemiddelde uitgereikte gewone aandele volgens die nagesiene resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006).
3. Die volverwaterde VPA en WVPA "Na die voorgestelde transaksies" is gegrond op die volgende veronderstellings:
   3.1 die voorgestelde transaksies is op 1 Oktober 2005 geïmplementeer; en
   3.2 die verwaterde geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele van 177.2 miljoen (176.6 miljoen geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele volgens die nagesiene resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006).
4. Die NBW per gewone aandeel "Na die voorgestelde transaksies" is op die volgende veronderstellings gegrond:
   4.1 die voorgestelde transaksies is op 30 September 2006 geïmplementeer;
   4.2 en die getal uitgereikte gewone aandele van 176.9 miljoen (176.3 miljoen uitgereikte gewone aandele volgens die nagesiene resultate vir die jaar geëindig 30 September 2006).
5. Bargenel word steeds by die Reunert-groep gekonsolideer.
6. Die totale transaksiekoste van ± R6 miljoen is in as geneem by die berekening van die *pro forma* finansiële uitwerking.

## 11. AANDEELHOUERSGOEDKEURING

Die voorgestelde transaksies is ook onderhewig aan die aanvaarding van die nodige besluite vir die spesifieke aandeleterugkoop, die verkoop van Bargenel se totale uitgereikte aandelekapitaal aan Rebatona en die spesifieke uitgifte van Reunert gewone aandele aan die Reunerts Staff Share Trust ("die Reunert-besluite") deur die vereiste meerderheid Reunert-aandeelhouers.

## 12. MENINGS, AANBEVELINGS EN ONDERNEMINGS

Die direkteure het die bepalings en voorwaardes van die voorgestelde transaksies oorweeg en is eenparig van mening dat dié bepalings en voorwaardes in die beste belang van die Reunert gewone aandeelhouers is. Die direksie ondersteun gevolglik die voorgestelde transaksies en beveel aan dat Reunert-aandeelhouers ten gunste van die Reunert-besluite stem. Die direkteure wat Reunert gewone aandele besit, is voornemens om ten opsigte van hul aandeelhoudings ten gunste van die Reunert-besluite te stem.

## 13. BYKOMENDE DOKUMENTASIE

'n Omsendbrief met volledige besonderhede van die voorgestelde transaksies sal middel-Desember 2006 saam met die jaarverslag vir die jaar geëindig 30 September 2006 ("die Reunert-jaarverslag") aan Reunert-aandeelhouers gepos word. Die besluite wat tydens die algemene jaarvergadering vir die implementering van die voorgestelde transaksies voorgestel sal word, sal vervat word in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering wat by die Reunert-jaarverslag ingesluit is.

Sandton
20 November 2006

**Beleggingsbank en transaksieborg**
Investec Bank Limited
Investec Bank Limited
(Registrasienommer 1969/004763/06)

**Borg**
RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

**Prokureur**
BG Bowman Gilfillan Attorneys

**Verslagdoenende rekenmeester**
Deloitte.
Deloitte & Touche
Geregistreerde Ouditeure

**Regsadviseur vir die Peotona-stigterslede**
CLIFFE DEKKER